

# GEREFORMEERDE KERK PRETORIA-MAGALIESKRUIN

## NUUSBRIEF

**12 Mei 2019** **Nr. 713**

***Ons verwelkom ALLE besoekers saam met ons in die huis van die Here!***
***Nuwe intrekkers – bly ASB vir 'n oomblik agter na die erediens sodat Ds Gert met u kan kennis maak !***

| | | | |
|---|---|---|---|
| Predikant: | Ds Gert Erasmus | Tel: 012 548 6228 | Sel: 076 839 6973 |
| Skriba: | Br Piet Prinsloo | | Sel: 072 117 6117 |
| Attes-skriba: | Br Neels Taljaard | | Sel: 082 975 6444 |
| Susterssake: | Sr Erica Arnold | | Sel: 082 557 8721 |
| Adminbeampte: | Magda Schoeman | Tel: 012 548 0913 | |
| Kantoorure: | Dins, Don & Vry vanaf 08:00 – 13:00 | | |
| Koster: | Stefaans Dalisile | | Sel: 079 558 7216 |
| E-posadres: | admin@gkmagalieskruin.co.za | Webwerf: www.gkmagalieskruin.co.za | |

## EREDIENSTE

**Oggend 10:00 NAGMAAL** **Ds Gert Erasmus**

Skriflesing: Johannes 6: 1 - 15
Teks: Johannes 6: 14, 15
Tema: God openbaar in en deur Christus sy genade en liefde sodat ons in die teken van die brood, die ewige manna sal raaksien!
Sang: Ps 145: 1 Ps 119: 7 Ps 33: 5 Ps 23: 3 Ps 116 Ps 145: 12
Kollektes: Diens van Barmhartigheid Emeritaatsversorging

**Aand 19:00** **Ds Gert Erasmus**

Skriflesing: Romeine 10: 1-17
Teks: Romeine 10: 17
Beleidenis: NGB Art 33
Tema: God gee vir ons deur sy Woord die sakramente om ons geloof te voed en te versterk!
Sang: Ps 68: 9 Ps 119:11 Ps 119: 7
Kollektes: Diens van Barmhartigheid Evangelisering

**SAMESANG AAND** 18:45: Ps 37: 24, 25 Ps 38: 1, 2 Sb 9-4: 1, 2 (21)

| **Volgende Sondag: NABETRAGTING** | **Oggend** | **Aand** |
|---|---|---|
| 19 Mei | Ekum (Buiteland) | Hulp in Kerkverband |

**Preke op CD:**
Plaas u bestelling op Magalieskruin se bestelvorm (knipbord regs op die trollie in die portaal) of telefonies by 012 548 3549 / 083 471 4098. Elke CD kan 2 volledige eredienste bevat, van dieselfde Sondag of van verskillende Sondae, of 3 net lees en preek.
Koste: **R30 per CD** enkel in kassie, **R50 per 2 CDs** in een dubbelkassie. Kry u CD in die rakkie op die trollie en plaas u betaling in die koevertjie wat saam met die CD kom en gooi asb in die kollektesakkie.
**Preke op die webwerf:**
Volledige eredienste is ook in klank beskikbaar.

**Afsprake met ds Gert Erasmus**

Dit is uiteraard so dat ds Gert, vanweë werksdruk nog nie by elke lidmaat persoonlik kon uitkom nie. Lidmate wat graag persoonlike afsprake met hom wil reël is egter altyd welkom. Kontak hom gerus persoonlik of via Magda by die kantoor. Neem asb die vrymoedigheid!!



## VIR MEELEWING

**Verwelkoming**
- Alle besoekers saam met ons in die huis van die Here.

**Meelewing**
- Sr Anna Viljoen (082 214 5586) wat 'n geruime tyd ernstig siek is met 'n ongeneeslike virus is opgeneem in Montana Hospitaal, sy is ook die suster van br Piet Prinsloo en sr Kotie Prinsloo.
- Br Kobus de Wet (084 769 3121) wat in Unitas Hospitaal opgeneem is na 'n motorfiets ongeluk.
- Sr Christine Finestone (082 681 6389) se man, Deon is in Eugene Marais Hospitaal opgeneem.
- Br Gordon Carver (073 189 4656) wat in die hospitaal was en tuis aansterk,
- Ds Rassie Smit (083 252 9184) wat vir 'n oogoperasie was en tuis aansterk,
- Sr Elsa van den Berg (082 439 8002) wat vir 'n skoueroperasie was en tuis aansterk
- Sr Meisie Groenewald (072 123 4460) was vir toetse en sterk tuis aan.
- Sr Susan Venter (012 567 2135) met die afsterwe van die tannie wat deur hulle versorg is die afgelope paar weke. Ook met die afsterwe van 'n broer op 8 Mei. Ons bid Susan en Willie venter (079 508 8181) baie sterkte toe.
- Ons dink aan die volgende lidmate in ons gebede: br Andries Nel (Huis Blymoedig); br Kallie (072 120 6345) en sr Estelle Steenkamp (072 120 6345); Sr Elsa van Wijk (082 460 8262) wat in Meulmed "step-down" is, Br Johan van Dyk (083 417 5591) wat by sy seun At versorg word in Haak en Steekstraat.
- Ons dink aan ELKE lidmaat wat die afgelope paar weke mediese prosedures moes ondergaan!
- Ons dink ook aan ELKE lidmaat wat die afgelope paar weke operasies moes ondergaan! Sterkte met die herstel en rehabilitasie!

**ONS DANK DIE HERE SAAM MET**
- br Hannes Degenaar (082 375 9798) wat DV op 13 Mei 77 jaar oud sal wees.
- sr Annalouise Cronje (083 381 4689) wat DV op 15 Mei 77 jaar oud sal wees.
- br Pieter de Winnaar (082 707 5848) wat DV op 17 Mei 83 jaar oud sal wees.

**Baie dankie**
Aan ds Gert Erasmus vir sy besoeke en ondersteuning voor die operasie en tydens my herstel tyd, asook al die lidmate met die besoeke, oproepe en boodskappe tydens my oogoperasie. Daar is reeds 'n verbetering in die oog en die operasie blyk 'n sukses te wees. Opregte dank, Rentia Booyens.

**Verjaarsdae**
Mag die Here aan u 'n geseënde jaar en 'n dag vol vreugde gee!

| | | | |
|---|---|---|---|
| Sondag | 12 | Gerrit Oberholzer | 072 480 9776 |
| Maandag | 13 | Hannes Degenaar | 082 375 9798 |
| | 13 | Jaque Erasmus | 072 561 9879 |
| | 13 | Arthur Hall | 083 387 3610 |
| | 13 | Natie Petzer | 082 553 4598 |
| | 13 | Christine Venter | 082 780 6858 |
| | 13 | Marianné Venter | 071 238 4691 |
| Dinsdag | 14 | Roelf Jansen van Vuuren | 083 375 5688 |
| Woensdag | 15 | Annalouise Cronje | 083 381 4689 |
| Vrydag | 17 | Pieter de Winnaar | 082 707 5848 |
| | 17 | Danie du Toit | 082 775 1143 |
| | 17 | Wilna van Aswegen | 083 450 2455 |

## VAN DIE KERKRAAD

**Katkisasie**
Gr 0-11: Vandag: Opening in die kerk. Daarna Les 11 vir gr 0-7. Bybelstudie vir gr 8-11.
**Vir ons Hoërskool Katkisante**:
Woensdag 15 Mei: 17:30-18:00: Graad 8 en 9
18:00-18:30: Graad 10
18:30-19:00: Graad 11 (Belydenisklas)
**BRING asb julle Bybels, psalmboeke en 'n notaboekie saam!**

**Alle kommissies en lidmate**

Alle berigte wat in die nuusbrief moet verskyn **MOET** op die laatste **Donderdag om 12:00** reeds in "Word" formaat **na die kantoor gestuur word**. Geen laat berig sal in die betrokke nuusbrief geplaas kan word nie, maar moontlik wel in die voorportaal. Indien daar dringende inligting afgekondig moet word oor gebeure wat na die afsnytyd gebeur het, moet dit asb gestuur word na ds Gert se e-pos: *dsmagalieskruin@gmail.com*

**Die volgende broeders word ter approbasie aan die gemeente voorgehou**

Vir ouderling: Hercules Botha, Johan Nieman en Theuns Pretorius.

**HEMELVAART-EREDIENS**

Dit is Donderdag DV 30 Mei 2019 die herdenking van Hemelvaart as 'n Christelike Feesdag. Onder leiding van ons Kerkraad, word hier om 19:00 in ons kerkgebou 'n diens gehou. Ds Gert Erasmus sal die erediens lei. Daar sal samesang vanaf 18:50 wees.
Die susters nooi u hartlik uit om na die diens in die kerksaal 'n koppie tee of koffie en verversings te kom geniet.

**BRONSMUNTE**

Die projek van die Diakonie om bronsmunte in te samel, gaan nog steeds voort. Tot dusver het ons reeds R1,474.94 ingesamel! Ons sal dit waardeer indien die lidmate sal voortgaan om ons te ondersteun. Die houer vir die munte is in die portaal by die hoofingang.

**Verandering van u persoonlike inligting**

Indien enige van u inligting verander het, soos adres, telefoonnommer, beroep of e-posadres, vra ons dat u asseblief die inligting na die kantoor toe sal deurgee. Daar is ook nou, vir u gerief, 'n rakkie in die portaal geplaas om u inligting in te gooi, asook enige inligting wat u sou versoek om in die nuusbrief of onder die kantoor en/of ds Gert se aandag te bring. Hierdie rakkie sal op 'n Dinsdag tydens die adminvergadering deurgegaan word en die nodige aandag geniet.

**Nabetragting en Diensopname deur PTA-FM**

Volgende Sondag, 19 Mei 2019 is Nabetragting asook 'n diensopname van Pretoria-FM tydens ons oggenddiens.

# GEMEENTE-AKTIWITEITE

**Totsiens**

Dit was 'n voorreg om vir 42 jaar lidmate van hierdie gemeente te wees. Ons groet elkeen wat ons pad gekruis het en sê opreg baie dankie vir ware meelewing en betrokkenheid in ons tye van voorspoed en ook hartseer tye. Seënwense vir verdere waarlik Kerk van Christus wees.
Ons vestig ons nou in Bronkhorstspruit.
Marten en Martie van Dijken.

**AAA – Aksie vir Alle Afgetrede lidmate en Tuisteskeppers**

U word hartlik uitgenooi na 'n gesellige saamkuier op Dinsdag 28 Mei om 10:00 in die kerksaal. Ons nooi alle lidmate van ons gemeente om elke laaste Dinsdag, soos aangeteken in die jaarprogram, saam met ons te kom kuier en deel te neem aan ons aktiwiteite. Hierdie aktiwiteite bestaan hoofsaaklik uit kuier en saam 'n koppie koffie/tee te geniet met heerlike eetgoedjies saam met medegelowiges. Ons probeer ons bes om hierdie kuieroggend interessant te maak, en waar moontlik, sprekers van ons gemeente of soms van buite te kry om met ons te gesels oor 'n verskeidenheid onderwerpe. Hier is al verskeie vriendskappe gevestig en ons hoop om al ons lidmate te help om mekaar op ander gebiede ook te leer ken. Teken ook solank ons afsluitingsdatum in julle dagboeke aan: 26 November 2019. Hierdie is gewoonlik ons hoogtepunt van die jaar. Hierdie jaar het ons reeds 'n sanger van buite die gemeente bespreek en dit beloof om 'n onvergeetlike oggend te wees.
**TEMA:** Kom geniet 'n oggend van musiek en samesang!!
Indien vervoer benodig word, skakel Magda Schoeman (082 312 7523) of Lidia Venter (082 922 4313)



**Bybelstudiegroep**

**Groep 3** (Stephanus van der Walt: – 012 567 2709 / 082 338 3216) – Dinsdag 14 Mei om 15:00 in die konsistorie. Tema: Jeremia 32: 1-7, 42-44; 33: 1-26 (Studie 5 volgens Voëlvlug deur die Bybelboeke van Prof GJC Jordaan).

'n Volgstuk kan na die erediens by Bernard Buys (083 510 6728) verkry word, indien u nog nie een ontvang het nie. Almal is welkom. Skakel nou in en verryk ons met jou gawes

(1 Pet 4:10). Byeenkomste vind elke tweede Dinsdagmiddag vir 'n uur plaas. Bring gerus kennisse saam.

**Groep 1** (Henriette Schutte – 012 548 2295 / 082 325 0751) – ***Let daarop dat hierdie groep agv al die vakansiedae eers weer DV op Woensdag 22 Mei om 09:30 in die konsistorie bymekaarkom.*** Saam probeer ons die Psalms beter verstaan. Alle susters is welkom, al wil jy eers net kom luister. Dit vra slegs 'n uur van jou tyd.

**Eljadahuis**

Onthou die "Bring-'n-Blik" projek (bring elke Sondag net een blikkie kos kerk toe) vir Eljada!! Hulle onmiddellike krisis is suiker, koffie, pasta en boksmelk. Die ander behoefte is nie-bederfbare items soos blikkieskos, pakkies tee, ontbytpap, broodsmere en toiletware. Enigiets wat in 'n huis gebruik word, behalwe luukshede (vir óns: "bederfies") is welkom. Ook daardie klein komplimentêre sepies, sjampoe en ander toiletware wat so lastig in jou huis rondlê, kan baie goed aangewend word hier. Hulle nood bly maar dieselfde vir daaglikse kos, klere en ander lewensmiddelle.

**Gereformeerde vriendekring**

2019 MIDWEEK-WEGBREEK: - **MAAK GOU DIE TYD LOOP UIT!!!**
ATKV Buffelspoort - DV 16-20 September 2019
Koste: R3 475 per persoon wat deel. U het reeds u deposito betaal.
Res van die betalings: Mei R600; Junie R600; Julie R600; Augustus R575
**Ons het nog plek vir twee gaste. Skakel Mariki 012 548 9082 so gou as moontlik.**

**Dagboekdatums**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Maandag | 13 Mei | Jeugkommisie | 19:00 |
| Dinsdag | 14 Mei | Bybelstudie (Stephanus – konsistorie) | 15:00-16:00 |
| Woensdag | 15 Mei | Katkisasie | 17:30-19:00 |
| Donderdag | 16 Mei | Uitkoms | 10:00 |
| Donderdag | 30 Mei | Hemelvaart | 19:00 |

# JEUG

**Dit is weer tyd vir Mootlite 2019!**

Mootlitekamp is spesifiek vir die Gr 6-9s. Ons hoop julle is net so opgewonde soos ons om weer te gaan kamp! Datum: Sondag 16 Junie tot Vrydag 21 Junie. Plek: Fraaibos (gaan loer gerus by http://www.fraaibos.co.za/ na hoe die kampterrein lyk!) Koste: R700 Tema: Wat is jou WAPEN?
Inskrywingsvorm: https://docs.google.com/forms/d/10RmnotfMSzmDORIxPKQXsTGpSnv6csc5zkObdLgvbLQ/edit
Stuur enige vrae wat jy het aan mootlitekamp@gmail.com of kontak ds Lohan Linde by 084 787 5119.

**Mootkamp 2019**

Die tema hierdie jaar is **verwonderd**.
Wie: Alle **Gr 10-12** leerlinge (Vriende uit ander kerke is baie welkom)
Groepleiers = studente (Jy is welkom al was jy nog nie op Mootkamp nie)
Datum: 20-29 Junie (Groepleiers)
22-29 Junie (Skoolverlaters)
Plek: Fraaibos Natuurkamp (Naby Brits)
Koste: R 950 (Groepleiers) R 850 (Skoolverlaters)
Kontakbesonderhede:
Algemene inligting – Jacques Tredoux 084 049 6216
Admin (inskrywings ens.) – Christine Herbs 071 179 9405
gksakampe@gmail.com / www.mootkamp.co.za

## SUSTERS

**KUIER-OGGEND BY UITKOMS**

Ons kuier weer by ons Uitkoms op Donderdag 16 Mei om 10:00. Almal is baie welkom! Vir enige navrae kontak Magriet Petzer (082 770 3884) of Wilna van Aswegen (083 450 2455).

**WARMHARTIGHEIDSPROJEK**

***BAIE DANKIE*** *vir:*

** Die groot skenking kledingstukke vanaf 'n warm hart gekry, ons het dit vir die President Kruger Kinderhuis in Reddersburg gestuur.*

** Al die skenkings en klaargemaakte handwerk wat alreeds ontvang is, ons susters woeker met hul talente!*

Hoe kan broeders en susters help om 'n verskil in iemand se lewe te maak:

* Brei en hekel van mussies, serpe, sokkies, diertjies en blokkies vir komberse.
* Skenkings van wol en materiaal.
* Donasies vir aankoop van wol en materiaal.

Donasies kan in 'n koevert, gemerk Warmhartigheidsprojek, gesit word. Plaas asseblief die koevert in die kollektesakkie of gee vir enige van die lede van die Sustersbestuur.

Skenkings en klaargemaakte handwerk kan na eredienste in die krat op die tafel in die portaal geplaas word. Skenkings sal na susters wat help met brei en hekel versprei word en die kombersblokkies na susters wat bereid is om te help met die vaswerk daarvan.

**Teeskinkbeurte**

***Kom geniet 'n koppie tee of koffie onder die afdak!***

| | |
|---|---|
| 12 Mei | *Geen tee agv ons nagmaal* |
| 19 Mei | Wyk D1 Helena Venter |
| | Wyk D2 Hantie Briel |
| | Wyk D3 Hanlie de Bruin |

**DS GERT SE DAGBOEK**

| | | |
|---|---|---|
| Maandag: | Jeugkommissie | 19:00 |
| Dinsdag: | Admin vergadering | 09:00 – 09:30 |
| | Deputate Owerheid: Binnelandse Sake | 10:00 – 12:00 |
| | Pastorale besoek | 15:00 |
| | Huisbesoek | 19:00 |
| Woensdag: | Katkisasie | 17:30 – 19:00 |
| | Volwasse kategese | 19:15 – 20:00 |
| Donderdag: | Voorbereiding | |
| Vrydag: | Voorbereiding | |

*Admin asook onvoorsiene pastorale besoeke en hospitaalbesoeke word tussendeur gereël.*

**VAN ORALOOR**

- **PROPONENTE BEROEPBAAR GESTEL**
- JC Potgieter (JC) Sel: 079 525 2507 E-pos: jcpotgieter@gmail.com (JC en Esmarie)
- R Steyn (Ruan) Sel: 072 818 4439 E-pos: steyn.ruan1@gmail.com (Ruan en Zonika Steyn)
- JD Mienie (Juan) Sel: 083 566 6550 E-pos: juanmienie@gmail.com (Juan, Adéle en Johan Mienie)
- G Mushayabasa (Godwin) Sel: 072 844 6754 E-pos: mhuriyashe@gmail.com (Godwin en Loraine Mushayabasa met hul 3 kinders)
- W Chipenyu (Wilbert) Sel: 078 731 1225 E-pos: wilbertchipenyu@yahoo.com (Wilbert en Pepertual met hul 2 seuns Wilbert jnr en Walter)
- P Mkupa (Phumlani) Sel: 078 335 8753





'Leer ons om ons dae so te tel dat ons 'n wyse hart mag bekom' Ps 90 : 12



# PITKOS VIR DIE PAD

## – die hande en voete van kerkwees!

Ons volgende **besprekingsgeleentheid vind** plaas op **Dinsdagaand, 4 Junie om 19:00 in die kerksaal**.
Ons besin vanjaar saam oor **kerkwees in praktyk.**

**Ds Ben Smit** van die Gereformeerde kerk Meintjieskop, kom praat met ons oor

**'Die Hoeksteen en die gebou'.**

Word hierdeur verryk om so in vandag se omstandighede prakties ons christenskap uit te leef. Kom luister, gesels en deel 'n koppie koffie of tee saam.

Almal is baie welkom!